Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) Afrikaans/English | October 2016 Edition 1

# Govt to subsidise poor and missing middle



Higher Education and Training Minister Blade Ndzimande says government wants to strengthen post-school learning and teaching.

**Priscilla Khumalo and Ongezwa Manyathi**

Universities will individually decide on the fee increases for 2017 academic year, Higher Education and Training Minister Blade Nzimande announced recently.

The Minister made the announcement at a special media briefing following the Council on Higher Education (CHE) report for 2017 fee adjustments as well as the Minister's ongoing consultations with key stakeholders.

"Our recommendation is that fee adjustments should not go above eight percent," Minister Nzimande said.

He added that universities currently face serious challenges in terms of funding, while at the same time large numbers of South Africans find it difficult to access post-school education because of financial challenges.

**FAST FACT:**

- Students with a family income of up to R600 000 per annum will be supported by government.
- In 2016 government provided R1.9 billion of the R2.3 billion shortfall following the subsidy on the 2016 university fee increase.
- In the 2016/17 financial year R14.5 billion has been made available to NSFAS.
- A total of 405 000 students received government support to access universities and colleges in 2016.

"Government is aware of these challenges and takes them very seriously."

The Minister said government is committed to finding the resources to support children of all poor, working and middle class families, with a household income of up to R600 000 per annum, while subsidy funding will cover the gap between the 2015 fee and the adjusted 2017 fee.

"This will be done for fee increments up to eight percent."

Minister Nzimande said a key priority for government is to ensure that post-school learning and teaching is strengthened, and that financial sustainability of the sector is not eroded.

"Our economy is currently weak and our fiscal position parlous. The tax burden has been rising in recent years, and we must preserve the fiscal space to fund government's policy agenda in future years.

"This means that any funding government mobilises to support the pressing challenges in higher education, it would need to reprioritise from other government programmes."

He added that students' concerns about the affordability of university education were legitimate.

"At the same time, we need to ensure that those who can afford to pay must pay."

He added that the post-school budget has to cover students in technical and vocational education and training, while at the same time face the challenge of providing 18 million South Africans, who are unable to study at university, access to community colleges.

"In other words, our job as government requires a number of very delicate balancing acts."

All National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) qualifying students, as well as the so-called "missing middle" students will experience no fee increase in 2017, as government will pay for the

Cont. page 2



**3 000 young people training to be artisans**

Page 6



**Youth project uplifts community**

Page 12

2030 NDP

ALSO AVAILABLE ON:

ANDROID APP ON Google play

Available on the iPhone App Store

@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0179

Free Copy

# Industrial parks revival to boost SA economy



The Department of Trade and Industry spent R21 million for the first phase of the Seshego Industrial Parks.

**More Matshediso**

Government is investing millions into revitalising industrial parks across the country to breathe new life into communities that have been left out of the mainstream economy.

One such park is the Seshego Industrial Park that is managed and owned by the Limpopo Economic Development Agency (LEDA).

The park houses 72 factories, which include manufacturing, agro-processing, services and storage enterprises, among others. The Head of Land and Property Development at LEDA, Mouric Molepo, said they hope to see manufacturers more than any other industrialist renting space in the park because it is this sector that creates the most jobs.

Around 1 550 jobs have been created through the Seshego Industrial Park in large industries, while small industries in the industrial park have created about 240 jobs.

Molepo said LEDA is upgrading the park.

"We have started with security features and have committed approximately R21 million. We hope to continue revitalising the facility to increase job creation and contribute to the economy of Limpopo."

Industrialisation has become more important to South Africa's expansion plans amid a tough global economic environment. Regional Industrial Cluster Chief Director at the Department of Trade and Industry, Stieneke Samuel, said the department is working on a programme to revitalise industrial parks across the country.

"In Limpopo, to date, we are looking at two industrial parks," said Samuel, adding that phase one of the Seshego development is complete.

She envisages that the Seshego Industrial Park will create more jobs for the surrounding communities as more investors come on board.

Explaining the history of the industrial parks, she said they were initially established outside of cities to keep "certain people in certain areas".

"Ironically, skills were actually developed... You will find specialised skills in various areas where these parks are located," said Samuel.

Minister Rob Davies explained that the first stage of the Seshego revitalisation programme focused on professionalising the industrial area, improving the physical security and eliminating non-business related activities that were taking place in the park.

The sum of R189 million is being spent on six prioritised parks, under the department's Industrial Parks Revitalisation Programme which is aimed at promoting industrialisation and increasing the contribution of the parks to job creation and the country's economic growth.

He said phase two will focus on refurbishing the buildings and some of the physical infrastructure beyond security. V

# 'n Innoveerder met volop enjinkrag



Themba Mthembu met die enjin wat hy ontwerp het.

**Thandeka Ngobese**

Themba Mtembu (42) het bewys dat geen uitdagings in die pad van sy drome sal staan nie. Mthembu het gedroom om 'n meganiese ingenieur te word, maar moes die skool weens swak gesondheid in graad 10 verlaat.

Vir meer as 12 jaar het Mthembu, wat in Ingwavuma-lokasie, noord van KwaZulu-Natal, woon, tuis gebly en hom as motorwerktuigkundige vir ligte voertuie besiggehou. Sy gemeenskap het egter nie geweet dat hoewel hy motors herstel, hy besig was om aan 'n uitvinding te werk nie. Hy het sy gemeenskap onlangs verras toe hy 'n unieke enjin, wat nie petrol of diesel gebruik nie, onthul het. Die enjin het net 'n battery nodig en kan tot agt gloeilampe, 'n yskas en 'n TV laat werk.

> "Ek is so bly dat al die jare nie vermors is nie, want die enjin werk nou."

Mthembu het aan *Vuk'uzenzele* verduidelik dat hy die idee vir sy enjin in 2013 gekry het toe daar beurtkrag in die land was.

"Ek het al die materiaal by die skrootwerf gekry. Dit het my twee jaar geneem om die projek te voltooi. Ek is so bly dat al die jare nie vermors is nie, want die enjin werk nou. Ek is nou gereed om 'n motor, wat nie petrol of diesel gebruik nie, uit te vind," sê hy.

Mthembu se enjin het ses elektriese drade wat aan 'n kragskakelaar gekoppel is en wanneer dit aangeskakel is, klink dit soos 'n meul.

Hy het gesê as hy die nodige hulpbronne gehad het, insluitend finansiële steun, sou dit nie so lank geneem het om die enjin te voltooi nie.

"Trouens, dit kon baie minder tyd in beslag geneem het, want met die regte hulpbronne kon ek twee jong mense geleer het om my te help," sê hy.

Skrootwerfeienaar Bheki Gumede sê toe Mthembu hom vir enjinonderdele genader het, het hy hom nie ernstig opgeneem nie.

"Nou respekteer ek hom vir sy werk. Ek het nooit gedink iemand uit 'n landelike gebied soos Ingwavuma sou so iets kon doen nie. Ons het almal verskillende talente en sy talent is regtig besonders. Ek het geen twyfel dat hy dit nog ver sal bring as hy net aanhou nie. Ek wens hom alles van die beste toe," sê hy. V

# Hulp aan Suid-Afrika se kwesbares



Die waarnemende direkteur-generaal van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Thokozani Magwaza.

**Noluthando Mkhize**

Die waarnemende direkteur-generaal van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Thokozani Magwaza, sê alle kwesbare mense moet die kontaknommer van die Beheersentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld hê.

Die departement se beheersentrum is 'n 24-uur-inbelsentrum wat ondersteuning en berading aan die slagoffers van geslagsgebaseerde geweld bied.

In 'n gesprek met *Vuk'uzenzele* oor Maatskaplike-ontwikkelingmaand, het Magwaza gesê die beheersentrum is een van die programme wat deur sy departement bedryf word.

"Dié inbelsentrum is ook met die polisie verbind deur 'n geografiese opspoorder waardeur ons kan vasstel waar die oproep vandaan kom, veral as die persoon aangeval word.

"Indien kwesbare mense voel hulle is in gevaar, kan hulle die nommer skakel. Oproepe sal na die polisie herlei word, wat na die toneel sal gaan."

Hy sê voorts die beheersentrum het sowat 70 maatskaplike werkers in diens. Die meeste van hulle is afgetree en het baie praktiese ervaring op die gebied van maatskaplike werk.

Teen November 2015 het die beheersentrum meer as 24 046 oproepe ontvang en meer as 22 683 bel-my-terug-boodskappe van ontstelde lede van die publiek gekry wat hulp nodig gehad het.

Die inbelsentrum is met AfricaCom se "Changing Lives"-toekenning bekroon, en het ook 'n toekenning van die Bestuursgroep vir Kontaksentrums ontvang vir die beste tegnologie-innovering as die eerste geïntegreerde tegnologie van sy soort vir maatskaplike dienslewering in Suid-Afrika en, heel waarskynlik, in die ontwikkelende wêreld. V

## Bevorder sentrums vir vroeë kinderontwikkeling

**Noluthando Mkhize**

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling wil meer doen om sentrums vir vroeë kinderontwikkeling (VKO) te bevorder.

"Ons navorsing toon dat VKO-sentrums belangrik is omdat die eerste jaar van 'n kind se kognitiewe denke op daardie vlak ontwikkel word.

"Navorsing toon dat kinders wat VKO-sentrums bywoon, makliker in die laer- en hoërskool aanpas, wat leervermoë betref," sê die waarnemende direkteur-generaal van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Thokozani Magwaza.

Suid-Afrika het informele, formele, semiformele en private OVK-sentrums, wat by die departement geregistreer moet word.

"Elkeen wat 'n OVK-sentrum wil open, moet dit registreer voor dit bedryf mag word, veral aangesien ons vasgestel het sekere VKO-sentrums word reeds onwettig bedryf."

Hy sê voorts sy departement wil verseker dat OVK-sentrums aan minimum standaarde voldoen.

"Ons, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, is verantwoordelik vir die eerste 1 000 dae van die kind se lewe asook vir toegang tot vroeë kinderontwikkeling.

"Ons is steeds in gesprek met die Departement van Basiese Onderwys. Ons sê nul tot vier jaar is ons verantwoordelikheid wat betref toegang tot OVK-sentrums, maar wie is vir die fase vier tot ses jaar verantwoordelik?"

Magwaza sê daar is sowat 21 000 geregistreerde OVK-sentrums wat deel van die departement se stelsel uitmaak. V

**Tolvrye oproepe kan na die beheersentrum gemaak word by 0800 428 428 (0800 GBV GBV). Inbellers kan ook 'n maatskaplike werker van die beheersentrum vra om hulle te skakel deur die nommer *120*7867# (gratis) vanaf enige selfoon te skakel.**

# SASSA vier 10 jaar

**Noluthando Mkhize**

Vanjaar herdenk die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) 10 jaar van diens.

Die waarnemende direkteur-generaal en aangewese uitvoerende hoof van SASSA, Thokozani Magwaza, sê as deel van die vieringe, sal die organisasie oor sy mislukkings en suksesse besin.

Een van sy suksesse is dat 17 miljoen mense maatskaplike toelaes ontvang.

Magwaza sê hoewel dit positief is, sukkel die agentskap steeds om mense te kry om vir maatskaplike toelaes te registreer.




"Ons het verneem dat twee miljoen kinders tussen nul en drie jaar nie toegang tot maatskaplike toelaes het nie."

Hy sê voorts sy departement registreer elke jaar sowat 300 000 nuwe aansoekers vir maatskaplike toelaes en dat die organisasie binnekort 'n opvoedkundige veldtog sal onderneem om mense daarvan bewus te maak dat toegang tot maatskaplike toelaes volgens die Grondwet hul reg is.

Een van SASSA se uitdagings is die afleidings wat oor maatskaplike toelaes gemaak word.

Magwaza, voorsitter van die ministeriële taakspan wat die aftrekkings op maatskaplike toelaes ondersoek, sê die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is gekant teen, onder meer, die aftrekking van lugtyd, water en elektrisiteit uit maatskaplike toelaes.

"Die bedrag wat deur die Regering betaal word, is daarop gerig om armoede te verlig. Dit kan nie op enige ander manier gedoen word nie. Die wet het nog altyd bepaal dat daar nie aan hierdie geld geraak mag word nie."

Magwaza sê die departement het wysigings aan die beleid aangebring wat bepaal dat geen aftrekkings toegelaat word nie, behalwe 10% vir begrafnispolisse.

"Die departement sê 10% vir een polis. Ons het gevind dat mense twee of drie gesinspolisse het en dat hulle soms die 10% oorskry."

SASSA gee ook spesiale aandag aan pogings om bedrog en korrupsie uit te roei.

"Ons het 'n inspektoraat gestig en ons is besig om dit te finaliseer. Ons het reeds personeel vir die inspektoraat aangestel wat sal help om bedrog en korrupsie by SASSA te stuit." V